Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

VIR DIEGENE
GEWOOND AAN
DIE BESTE
Forrer
SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE
VIR U GASTE
EN VIR U
Forrer
SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 22 NOV. 1944. No. 1.

## Pers Maak en Breek Regerings

### Magte wat Agter Skerms Werk Waarvan Gewone Man Niks Vermoed

**In sy boek Mein Kampf het Hitler die mag van die pers behandel en o.a. aangetoon hoe die pers in 'n paar dae se tyd 'n sterk leier van die toneel af kan doodverf en in dieselfde tyd onbekende persone wat nog nooit iets gepresteer het, na vore kan tower as die enigste redders van die volk. Die pers maak en breek enige man. Deur die een se doen en late te verswyg en die ander se optrede met groot geklank uit te basuin, beïnvloed hulle die openbare mening ten nadele of ten gunste van wie hulle wil.**

Ook ander skrywers, selfs Britte, het erken dat die mag van die pers so groot is dat dit regerings maak of vernietig. ,,'n Eerste Minister word gemaak of ontslaan deur die eienaar van 'n groep koerante, en nie deur die stemme van die volk of enige ander openlike gesag nie", het H. Belloc verklaar in sy boek ,,The Free Press". Hy beweer dat die krag van n koerant opgesluit lê in sy vermoë om die publiek te mislei deur sekere feite weg te steek en andere te openbaar. Hierdie mag van hom is 'n verskrikking vir die politikus wat slegs in naam enige gesag besit. **Die koerant beheer dus die beroepspolitikus omdat hy by magte is om hom aan afpersing te onderwerp veral met betrekking tot sy private lewe.**

In hierdie verband kan ons die voorbeeld noem in Suid-Afrika van 'n politikus wat sterk simpatie met die Ossewabrandwag het, maar hy hou dit geheim omdat hy bewus is dat as hy hom openlik aan die Ossewabrandwag se kant skaar, die partypers wat hom vandag hoog aanslaan, onmiddellik sekere feite sal openbaar wat hom in 'n ongunstige lig sou stel. Deur die mag van afpersing word hy dus gedwing om in die openbaar teen die Volksbeweging te veg.

**AFRIKAANSE PERS**

As ons na die pers in ons land kyk, word bevind dat sekere koerante deur 'n klein groepie persone beheer word. In die geval van die Afrikaanse koerante is dit veral die politici wat die beheer uitoefen, terwyl die Engelse pers hoofsaaklik deur die geldmag van die Witwatersrand beheer word. **Die vier Nasionale koerante staan al mal b.v. onder die H.N.P.-leier se direkteurskap, bygestaan deur die luitenante van sy party in die verskillende Provinsies.** Slegs die minderheid van die direksielede is persone wat nie in die politiek bekend is nie. Vir die gewone man klink dit baie indrukwekkend as hierdie vier koerante gelyktydig dwarsdeur die land dieselfde standpunt inneem ten opsigte van die een of ander saak. **Veroordeel hulle 'n ding, kom dit vir die gewone man voor of dit tog maar die standpunt van die hele land moet wees, en word hy sodoende weggevoer. Dat hierdie koerante op instruksies van die politieke direkteure optree, is hy salig onbewus van.** As hy fyn oplet, sal hy egter dikwels merk hoe 'n voortvarende redakteur kort nadat hy 'n sekere standpunt ingeneem het, sy woorde weer op 'n oulike manier insluk en dan net die teenoorgestelde verkondig.

So by voorbeeld moes die redakteur van Die Oosterlig onlangs 'n hoofartikel skryf waarin hy homself repudieer. Hy het naamlik in 'n sekere tydskrif 'n standpnt verkondig wat op daardie oomblik nie met die partybeleid geklop het nie. Kort daarna het hy sy woorde teruggetrek in 'n hoofartikel in sy koerant en het hy allerhande verduidelikings daarvoor gegee.

**BOIKOT**

Tydens die breuk tussen die Ossewabrandwag en die H.N.P.-leiding het ons 'n treffende voorbeeld van hierdie persbeheer gehad. Eensklaps het al die Nasionale koerante die Ossewabrandwag verwerp en besluite gepubliseer van lede wat bedank. **Waar daar kommando's was wat besluite teen skeuring geneem het, is dit nie gepubliseer nie, sodat die volk die indruk moes kry dat almal die partypolitieke leiding volg. Berigte en advertensies omtrent die Ossewabrandwag wat bewyse kon lewer van die teendeel is sorgvuldig uit die pers geweer, en tot vandag toe is die koerante van partyweë belet om enige advertensie of artikel in die guns van die Ossewabrandwag te publiseer.**

Die Engelse pers weer is in die hande van die goudmynmagnate. Wat hulle verkondig of verswyg, val saam met die belange van die geldmag. As voorbeeld kan geneem word The Star. Om aan te toon hoe verwikkeld hierdie koerant is in die goud- en geldbelange, noem ons 'n paar van sy direkteure en hul betrekkinge met die geldwêreld.

**G. H. Beatty** is voorsitter van die Van Ryn Deep, Witwatersrand G. M. Coy., Potgietersrust Platinum Mines, Rustenburg Platinum Mines, Johannesburg Consolidated Investment Company. hy is ondervoorsitter van die Randfontein Estates Gold Mine en Govt. Gold Mining Areas (Modderfontein) Ltd.; verder is hy direkteur van die Anglo Alpha Cement Coy., Cape Explosives Ltd., S.A. Carbide By-products Ltd., Rand Carbide Coy., Union Lime Coy., Consolidated Murchison Gold Field Development Coy., Natal Cambrian Collieries, Consolidated Collieries, en nog 'n paar ander.

**R. L. Innes** is voorsitter van Natal Cambrian Collieries, New Springs Collieries S.A. Carbide By-products Ltd., Phoenix Collieries; hy is direkteur van Van Ryn Deep, Randfontein Estates, Witwatersrand G. M. Coy., New State Areas, Ferreira Estate Ltd., Swaziland Corporation, Potgietersrust Platinum Mines, Rustenburg Platinum Mines, African Cables Ltd.

**W. H. A. Lawrence** is direkteur van Central Mining Corporation, Modder B, Rose Deep, Nourse Mines, City Deep, Crown Mines, Durban Roodepoort Deep, Ferreira Estates Ltd., Geldenhuys Deep, Glynns Lydenburg, Pretoria Cement Coy., Central Mining & Finance Corporation, S.A. Land & Exploration Coy., Tvl. G. M. Estate Coy.

**W. M. Frames** is voorsitter van Hume Pipe Coy., Northern Lime Coy., Witbank Collery, Holfontein G. M. Coy.; en hy is direkteur van Nourse Mines, Crown Mines, Geldenhuis Deep, Modder East, Rose Deep, West Rand Consolidated, Central Mining Corporation ,Ferreira Estate Ltd., Natal Portland Cement Coy., Pretoria Portland Cement Coy.

**John Martin** is voorsitter van Rand Mines Ltd. en Crown Mines Ltd., hy is direkteur van City Deep, Geldenhuis Deep, New Modder Gold Mining Coy., E.R.P.M., Central Mining Corporation, Transvaal Consolidated Land & Exploration Coy.

Dit is vanselfsprekend dat hierdie manne, indien hulle maar net normaal menslik is, nie sal toelaat dat die pers wat hulle beheer iets sal skryf wat die belange nadelig kan tref van die ondernemings wat hulle beheer nie. **Hierdie pers sal enige beweging uit die volk wat streef om die kapitalisme te vernietig, met alle mag beveg, net soos die pers onder beheer van die partypolitiek enige beweging sal beveg wat die volk wil verenig.**

## Omvattende Arbeidsorganisasie Al Wapen Teen Kapitalis en Kommunis

'n Belangwekkende Arbeidsvergadering is op 11 Nov. deur dr. P. J. Meyer, waarnemende Arbeidsleier van die O.B., te Klipkoppies, Pretoria, toegespreek.

Hierdie vergadering het gestaan in die teken van die steeds groeiende belangstelling in die arbeidslaer van die O.B. Hiervan getuig die feit dat 'n groot aantal nie-O.B.-lede ook die sametrekking bygewoon het. By hierdie geleentheid het mnr. Ben du Plessis, 'n skilder van beroep en Arbeidswagter van Gebied ,,F", as voorsitter opgetree. Hy het aangekondig dat hierdie vergadering slegs die voorloper is van gereelde arbeidssametrekkings in Pretoria.

Dr. Meyer het 'n uiteensetting gegee van die tyd van die Afrikanerwerker in die verlede en die lig veral laat val op die optrede van 'n paar uitstaande Afrikaanse werkershelde soos Johannes Labuschagne, Carl Stassen en Piet Erasmus. **Hy het verklaar dat die stryd teen die kapitalis en kommunis alleen deur middel van 'n omvattende bedryfs-politieke arbeidsorganisasie waarin die eenheidsoptrede van werkers in die verskillende bedrywe bewerkstellig word, met welslae tot oorwinning gevoer kan word.** ,,Die toekoms van die Afrikanerdom is vandag in die hande van die Afrikanerwerkers. In hul hande is ons volk se toekoms veilig", het hy onder toejuiging verklaar.

Kommunisme kan nie beveg word deur voortdurend net sentimentele toesprake oor die gevaar daarvan voor gehore wat nooit kommuniste sal word, af te steek nie. Die enigste metode is om jou standpunt en krag teen die kommuniste binne die arbeidswêreld self te meet. Dit doen die Arbeidslaer van die O.B., het dr. Meyer onder groot byvalsbetuiging verklaar. —(Korr.)

### VIR NOODHULPFONDS

Asst.-veldkt. H. Swart van kommando F1b2 (Pietersburg) het sy maandelike jukskeifunksie gehou, waar 18 mense teenwoordig was en die mooi bedraggie van £5 is vir die Noodhulpfonds ingesamel. — (Ingestuur).

**Rommelverwerking:**

● Maak 'n stoepkussing van suikersak met wol gestop. Boor om met 'n koord van oorskiet-wol.



VERLANG U
NA
● BLYWENDE GESONDHEID
en
● REUSEKRAG!

Johan Hefer
se moderne metodes van LIGGAAMS-OPVOEDING sal 'n nuwe man van u maak.

Skryf aan:
Johan Hefer
en meld u Liggaamlike Swakhede
of
vul hierdie koepon in:

JOHAN HEFER.
Posbus 8809 — Johannesburg

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u Kursus.

Naam.............................................

Adres.............................................

.............................................

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

**Pro Ecclesia-Drukkery**
(Edms.) Bpk.
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
*Die Laan, Stellenbosch.*

*BOLAND BOTTELSTOOR*
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 981.

# AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder
JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR"
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.

## GEE TOG WERK!

### Ontslane Geïnterneerdes Sonder Heenkome

Honderde Afrikaners is die afgelope vier jaar sonder aanklag en sonder verhoor in die interneringskamp gestop — sommige vir jare lank en andere slegs vir enkele weke of maande. **In albei gevalle egter is so 'n man vir goed van sy betrekking beroof. Hy is 'n werklose wanneer hy die dag uit die kamp kom.** Solank hy daar gesit het, is daar darem nog 'n karige toelaag aan sy gesin betaal, maar die oomblik as hy uit die kamp kom, moet hy self die versorging van sy huisgesin waarneem — sonder verdienste en dikwels nog sonder 'n staanplek. Asof hy hom nog nie genoeg verlustig het in die willekeurige onderdrukking van 'n landsburger nie, belet die regering dikwels die broodwinner uit die kamp om vryelik rond te gaan en werk te soek. **Maandelank moet hy op 'n vreemde dorp of plaas gaan bly wat hy nie mag verlaat nie.** Beralwe hierdie hindernisse wat hom doelbewus in die weg gelê word ,het die geïnterneerde nog hierdie groot struikelblok in sy pad dat hy gebrandmerk staan as 'n staatsvyand en dus deur alle oorlogsgesindes en — helaas! — soms nog deur partypolitiek-verwronge Afrikaners as 'n pes geweer word.

**Die Ossewabrandwag kan hierdie manne nie in die steek laat nie. Die manne wat vir hul oortuiging gely het, mag nie deur die sorge van 'n werklose geteister word nie. Dit is daarom die plig van elke O.B. om te help sodat hierdie manne dadelik van werk voorsien kan word as hulle die dag uit die kamp kom. Laat almal wat kan, dadelik aan die Sekretaris van die Noodhulpfonds, posbus 8576, Johannesburg, skrywe.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand uitlewer nie."**

*PLUIMVEE*
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

ONDERSTEUN !!!!
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

LUCERN en AARTAPPELS
STUUR U PRODUKTE AAN
UNIE PRODUKTE AGENTSKAP
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

# Brief Aan My Demokratiese Vriend

Geagte Vriend, Vandag wil ek 'n bietjie oor mielies en lemoene met jou gesels. As ons oor O.B.-sake gesels, kan ons maar altyd teruggaan na die natuur, want die Ossewabrandwag is nie 'n uitgedinkte ding nie, maar iets heeltemal natuurliks. Dit groei saam met die volk en sy behoeftes, en het nie tot stand gekom uit 'n kunsmatige konstitusie wat in die studeerkamer van die een of ander geleerde opgestel is nie. Weliswaar het 'n paar geleerdes aanvanklik saam beraadslaag om die gees van die Ossewatrek in 'n groot volksbeweging op te vang en te bestendig, maar snaaks genoeg, dit het geskied sonder 'n breed uitgewerkte konstitusie. **Trouens, die Ossewabrandwag was al byna ses maande oor die lengte en breedte van die land gepropageer en hy het al tientalle kommando's gehad, toe het hy nog geen konstitusie gehad nie. Hy het sommer uit die volk gegroei, en later eers is sy organisasie in skrif vasgelê.** Maar dit net terloops om aan te toon hoe natuurlik die Volksbeweging is in teenstelling met kunsmatige politieke partye wat op 'n sameraapsel van sogenaamde „beginsels" gestig word wat aantreklik sal wees vir die kiesersmassa. En hierdie konstitusie of program van beginsels word gedurig gewysig namate die smaak van die kiesers verander.

Maar laat ons nou kom tot die mielies en lemoene. As jy 'n lemoen oopbreek, merk jy dat daar verskillende skyfies aanmekaar koek, en tog is elk 'n afsonderlike geheel. Binne in die skyfie is daar weer die huisies of selle wat ook elk op sigself 'n afgeronde eenheid uitmaak. So ook is 'n volk. Dit bestaan uit verskillende groepe wat elk op sigself 'n eenheid vorm en weer aaneensluit met 'n groter eenheid. As jy jou hele volk nou wil organiseer om as 'n eenheid op te tree, kan jy twee metodes volg — die regte en die verkeerde. Jy kan die natuurlike groepe binne jou volk misken en maak asof die hele volk net uit enkelinge bestaan wat regstreeks aan die staat en die staat alleen verantwoordelik is. Dit kom op dieselfde neer as wanneer jy die lemoen se skyfies sal wil misken, en net met die selle rekening hou. Veronderstel jou seun wat vir dokter wil leer en nou opgeskeep is met sy mes, sou aan jou sê hy wil die lemoen so bewerk dat daar net een skyf in sal wees, sal jy hom uitlag, want jy weet hy sal net 'n klomp heerlike sap op die grond laat uittap. In plaas van eenheid, soos hy meen, sal hy net verskeurdheid bewerkstellig binne die lemoen. Die lemoen se skil vorm die eenheid vir die skyfies. Dit omsluit almal en tog behou elkeen sy selfstandigheid met die nodige onderlinge verband.

### PEUTER MET MES

En tog is daar vandag mense in ons politieke lewe wat maak soos jou halfgeleerde seun. Hulle wil nie die volk in sy veelheid as 'n eenheid erken nie, dog slegs diegene wat binne hul besondere party sit. Iemand wat nie lid van daardie party is nie, is nie 'n goeie Afrikaner nie; hy is 'n Sap — Engelse Sap of Duitse Sap — en tot tyd en wyl hy hom aansluit by daardie party moet hy beveg en vervolg word op elke terrein waar julle mekaar ontmoet. En as een van sy eie lede verkies om ook nog verband te hou met 'n ander organisasie om sodoende die groot volkseenheid te erken, moet hy uitgewerp word en tot vreemdeling geproklameer word — nee erger, tot vyand. **Dink jy nou dit is ooit moontlik om 'n hele volk binne een enkele politieke party te verenig? Sal alle volksgenote lid word van 'n politieke party? Nee, daar is duisende wat geen belangstelling in die politiek het nie en nooit meer as net dooie lede sal wees nie, al verplig jy hulle met die wet om by jou party aan te sluit. En as jy dan nog glo aan 'n stelsel wat die bestaan van meer as een party binne jou volk vereis, soos die parlementêre stelsel wat vereis dat daar 'n regering en 'n amptelike opposisie minstens moet wees, dan is hierdie houding nog belagliker. Jy kan slegs groter verskeurdheid binne jou volk bewerkstellig soos die seun met sy mes in die geval van die lemoen, deur so iets te probeer.**

Nee, jy moet eenheid bewerkstellig deur 'n skil om die volk te sit wat die hele volk sal omsluit sonder dat hulle juis almal deel van die skil is. Want kyk, die lemoen se skil self bestaan ook uit klein selletjies en as jy daaraan druk, spuit daar 'n sap uit wat jou oë brand. So moet jou volk ook 'n skil hê wat hom teen indringing van buite beskerm. **Daaraan behoort diegene van sy lede wat belangstelling — en dus aanleg — het vir die politiek. Hulle is nie daar om teen die ander selle binne die volk stryd te voer soos in die partypolitiek nie, maar juis om die ander in staat te stel om ongehinderd deur vyande van buite voort te gaan met hul nuttige werk in belang van die geheel.**

### OOP DEURE

En om dit reg te kry is dit nodig dat jy die kunsmatige partyverdeling van die volk moet afskaf en die natuurlike onderskeid moet erken en daarop jou organisasie bou. Dit is die taak van die Ossewabrandwag as Volksbeweging en daarom skop hy nie mense uit bloot omdat hulle ook nog lid van ander organisasies is nie. En daarom het hy sy deure oopgegooi vir alle goeie Afrikaners ongeag hul tydelike politieke oortuiging. **Want sê my, hoeveel Sappe wat jy as Nat eenmaal beveg het, het nie later van hul oortuiging afgesien en dan weer saam met jou geveg nie? Jy kan mos nie 'n volksgenoot uitwerp as vyand omdat hy vandag anders dink oor sake as jy nie? More dink julle dalk weer eenders.** Jy kan hom alleen uitwerp as hy te sleg is om 'n volksgenoot te wees deur by voorbeeld opsetlike verraad te pleeg.

Die Ossewabrandwag gee nie voor dat hy alle volksgenote binne hom gaan kry nie, maar wat hy wil doen is om vir alle volksgenote te werk en te veg — ook daardie wat buite sy geledere staan, want ook hulle behoort tot die volk. Daarom soek hy nou al samewerking waar samewerking moontlik is — ook aan die parlementêre front. Want as ons eers eenmaal saam geveg het, sal ons ook saam woon.

Die Volksbeweging wil wees soos die stronk waaraan die mieliepitte sit. Hulle hoef nie juis net binne in hom te wees nie, maar die stronk dra en voed hulle na buite. So vorm die Volksbeweging die kern van die volk en dra hy die belange van die hele volk ongeag lidmaatskap aan homself of ander organisasies. **Dit moet vir jou duidelik wees dat hierdie metode om die volk tot 'n eenheid te organiseer, baie meer kans het op sukses as dié van die partypolitiek wat die eie volksgenoot uitskop en as vyand behandel, ja hom selfs sy broodwinning wil ontneem onder die voorwendsel dat hy die besigheid waarin hy werk van binne wil verower.**

## „NOODHULPFONDS HET ONS BEWAAR"

Mnr. P. J. Steyn van Senekal skryf as volg aan die sekretaris van die Noodhulpfonds:

Graag skryf ek aan u om uiting te gee aan my en my gesin se innerilke vreugde, dankbaarheid, en waardering vir die liefdevolle, vaderlike versorging deur die Noodhulpfonds gedurende die vier jaar wat ek geïnterneer was.

**Dit is net die kragtige ondersteuning van hierdie fonds wat my en duisend ander families gered het van ondergang en blanke armdom, en hulle gelouter, gesterk en besiel het tot volharding in die stryd op die pad van volksvryheid!**

Die liefdeswerk verrig deur die Noodhulpfonds kan nimmer hoog genoeg genoem word nie. Verder, my vriend, is ek gelukkig om u te kan meedeel dat ek nou goed aangaan in my nuwe betrekking en my familie ook eersdaags verhuis. Die behuising en losiesgeriewe egter is van die swakste, maar as jy eers geherkou het wat ons reeds moes verduur, dan is daar byna niks wat onoorkomelik is nie.

Ek roep u toe Gods ryke seën op u werk en onder die leuse van:

EEN VIR ALMAL, ALMAL VIR ELKEEN!

## Brosjures wat O B.-Rigting Vertolk.
## AANBOD AAN KOMMANDO'S

Op bestellings van 10 of meer van die volgende uitgawes wat die O.B.-rigting vertolk, word aan kommando's 'n korting van 15 persent toegestaan.

Die Stryd van die Afrikanerwerker (Dr. P. J. Meyer) .. 2/6 elk
Die Oplossing van die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika (Drs. Van Eden, Coertse en Language) .. .. .. .. 1/6 „
Die Vooraand van ons Vrywording (Dr. P. J. Meyer) .. .. 1/- „
Demokrasie of Volkstaat? (Dr. P. J. Meyer) .. .. .. .. 9d. „
Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat (Dr. P. J. Meyer) .. .. .. .. .. .. 9d. „

Bestel van Amptelike Verspreiders:
PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892 — Spoorbondkasgebou 507 — JOHANNESBURG.

# Soos Ons Lesers Dit Sien

(Weens gebrek aan ruimte het Die O.B. in die verlede 'n beleid gevolg om nie 'n rubriek vir sy lesers af te staan soos sommige ander blaaie doen nie. In die jongste tyd ontvang ons egter soveel briewe van lesers, waaruit die groot belangstelling vir ons blad blyk, dat die redaksie besluit het om op beperkte skaal sy kolomme oop te sit vir die gedagtes van sy lesers. Dit sal egter nie moontlik wees om briewe volledig te plaas nie, maar kort opsommings van en aanhalings uit sulke briewe sal voortaan onder hierdie rubriek opgeneem word. Dit spreek vanself dat met so'n beperking twisgeskrifte tussen twee persone nie toegelaat sal kan word nie, omdat dit nie moontlik sal wees om die argumente volledig te plaas nie).

**LOGIKA**

„F. O. Urie" van Sunland vra na aanleiding van mnr. Eric Louw se brief in die H.N.P.-blaaie waarin hy die O.B. van kommunisme beskuldig omdat 'n kommunistiese blad 'n gunstige resensie verskaf het op dr. P. J. Meyer se boek oor arbeid, of die punte van ooreenkoms tussen die H.N.P. en die Verenigde Party se konstitusies dan beteken dat die H.N.P. nou „Sap" word? Volgens die Advokaat se stelling moet daar nou 'n geweldige politieke samesmelting plaasvind, want daar is oral punte van ooreenkoms. Die briefskrywer kan ook nie die logika insien van dr. Malan se afleiding dat daar „'n vryery en veranderde houding van genl. Smuts teenoor die O.B. bestaan" omdat genl. Smuts die H.N.P. van ondankbaarheid jeens die O.B beskuldig het in verband met Wakkerstroom se tussenverkising nie As jy jou vyand van troubreuk teenoor sy bondgenoot beskuldig, beteken dit, volgens dr. Malan se logika, dat jy nou 'n bondgenootskap sluit met daardie vyandige bondgenoot!

**SPINNEKOP-POLITIEK**

„Abonné" skryf in Hollands dat hy 'n brief aan Die Burger gerig het na aanleiding van adv. Strydom se artikel, waarin hy die Suid-Afrikaanse pers verantwoordelik hou vir die onenigheid tussen Afrikaners. Hy verwys na die spreekwoord dat 'n spinnekop gif suig uit dieselfde blom waaruit 'n by heuning suig. Uit toesprake word gif gesuig terwille van partybelang en dan in die pers aanbeveel as medisyne. Die verdeeldheid tussen Afrikaners beskou hy as kunsmatig, veroorsaak deur die na-aping van die Engelse party-pers. Hy meen dat sulke onverkwiklike partyrusies nie tuishoort in 'n nuusblad wat ook deur ander as verstokte partygangers gelees word nie.

**GOEIE LONE**

Mnr. J. A. du Plessis van Tomstraat, Potchefstroom, doen 'n beroep op O.B.-lede om die voorbeeld te stel van goeie besoldiging aan hul werknemers. Dit moet elke O.B. se beleid wees om sy werknemers so te betaal dat hulle 'n fatsoenlike bestaan kan maak .Hy meen dat die voorbeeld veral gestel kan word wanneer daar in die blad geadverteer word vir jongmanne of dogters aan wie werk aangebied word, sodat die O.B.-gees ook daaruit kan straal.

## 25 NOVEMBER

Op 23 Junie 1944 is oorlede die Boeredogter Maria Elizabeth Johanna Rossouw van Kakamas. Haar verjaardag sou op 25 November geval het. Met die oog op die skeurkalender wat ons voornemens was om uit te gee, skryf haar moeder: „Dit was haar innige begeerte om haar naam in te stuur en sy het na iets gesoek wat op haar verjaardag val. Sy het die datums wat sy gekry het op papier geskryf maar daarby gevoeg dat haar verjaardagdatums ongelukkig vir haar volk is.

25 Nov. 1899:
Slag by Rooilaagte, nederlaag vir Republikeine.
25 Nov. 1901:
Verdediging van Hamilton geneem op Leeuwrivier met 70 man".

Haar moeder eindig haar brief met die woorde. „Met 'n swak hart gebore was sy meer as een dag vir ons 'n inspirasie en sy het die O.B. op haar hart gedra".

Ons eer haar nagedagtenis.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212

ONDERSTEEUN ONS ADVERTEERDERS.

## OFFISIERSRAAD BYEEN VAN GEBIED F

'n Vergadering van die Adviserende Gebiedsraad is Saterdag, 4 November, gehou te Pretoria.

By hierdie geleentheid het die Gebiedsleier 'n algemene uiteensetting gegee van die werksaamhede en besluite van die afgelope Grootraadsvergadering. Beleidsake is bespreek en verduidelik, algemene verslae van die uniale leiers, van afdelings- en vertakkingshoofde is behandel en informasie in verband daarmee is verstrek.

Met die bespreking van Gebiedsorganisasie het die vroue-offisiere onder leiding van die Gebiedshoofvrou, generale C. Rautenbach, apart vergader, terwyl die manne-offisiere voortgegaan het met hul spesifieke werk. Organisatoriese moeilikhede in die verskillende afdelings is uitgepluis, werkplanne is neergelê vir die toekoms en die nodige onderlinge koördinasie is bepaal.

Na baie vrugbare besprekings van die dag het die volle raad later in die middag weer 'n tyd lank saam vergader ten einde die vrouewerk, volgens besluite van die vroue-offisiere gereël, te laat inpas by die algemene program van optrede. In 'n optimistiese stemming, besiel vir die werk wat voorlê en verseker deur die Gebiedsleier dat die dienste van alle ywerige offisiere en Brandwagte in Gebied F hoog waardeer word, is die vergadering afgesluit met die sing van „Die Stem" en daarna 'n kragtige dankgebed deur hoofkommandant C. Rautenbach.

## BEDANK 3 JAAR LANK

Die Kruithoring het onlangs die name van ses „O.B.-lede" van Groblershoop wat as gevolg van die Mentz-aanranding uit die Beweging sou bedank het, gepubliseer. Hoofkommandant J. H. Gouws van Groblershoop berig as volg oor die voorval: „Ek kon my oë nie glo toe ek sien wie nou eintlik die persone is nie. **Feit is dat nie een enkele van die name van die ses persone op die naamlyste van die kommando Groblershoop wat na Januarie 1942 opgestel is, gevind sal word nie.** Dit sal vir hierdie persone baie moeilik gaan om hul lidmaatskap sedert einde 1941 te bewys, behalwe miskien hul kaartjies wat hulle moontlik nagelaat het om in te lewer weens gebrek aan moed of moontlik op advies, gesien die nuttigheid daarvan met 'n volgende skeurbevel". Hy verklaar dat die heer F. C. van Niekerk reeds sedert 1941 sy seun belet het om O.B.-vergaderings by te woon, maar nou voel hy self so seer oor die Mentz-voorval dat hy uit die O.B. bedank!

Hy verklaar dat die skeurbevel geen die minste uitwerking op O.B.-lede in daardie omgewing gehad het nie.

# Kom Daar Weer 'n „Vrymesselaarsbrief"?

In H.N.P.-kringe word beweer dat die aanstaande parlementsitting weer deur dr. Malan aangeryp sal word as 'n geleentheid om die Ossewabrandwag en sy leiers by die volk verdag te maak. Hy is glo voornemens om weer met sogenaamde „dokumentêre bewyse" teen die Beweging te kom en dit daar ter tafel te lê waar die Ossewabrandwag geen geleentheid het om hom te verdedig nie.

Hierdie soort politieke jagmetodes herinner aan die berugte Van der Walt-verklaring 'n paar jaar gelede toe dr. Malan ernstige beskuldigings teen O.B.-leiers dokumentêr aan dr. Colin Steyn oorhandig het. **Hy is daarna herhaalde kere uitgedaag om die bewering buite die parlement te herhaal sodat hy die waarheid daarvan voor 'n hof kon bewys, maar hy het die uitdaging nie aanvaar nie, bewus dat die inhoud van die dokument vals was en nie 'n toets kon deurstaan nie.** Ook herinner dit aan die vrymesselaarsbriewe van 'n paar jaar gelede wat dan deur wyle genl. Hertzog geskryf sou gewees het, en waarin hy sou aangebied het om die republiek te verraai. Niemand het ooit hierdie fantastiese produkte gesien nie — selfs nie hulle wat die storie naarstiglik versprei het nie. **Nogtans het dit gedien om 'n groot volksman soos genl. Hertzog na sy graf te skinder. Na sy dood kon hy weer in ere herstel word — toe hy geen gewaande teenstander meer was nie.**



VIR U AANDELE-NAVRAE
*skryf aan:*
DIE SEKRETARIS
EXCELSIOR MEUBELS BPK.
*Posbus 6670, Johannesburg.*

DIE O.B., WOENSPAG, 22 NOV. 1944

# Politiek Anders As Partypolitiek

Om die Ossewabrandwag van sy bestaansgrond te beroof weet politici vandag te vertel dat daar geen verskil bestaan tussen politiek en partypolitiek nie. Alle politiek is partypolitiek en enige saak van politieke belang is die alleenreg van die partypolitiek, so word verklaar. Ons kan nie glo dat hierdie stelling deur die politici self geglo word nie, **want dit is juis hulle self wat voortdurend tekere gaan teen hul teenstanders omdat dié dan die een of ander saak in die partypolitiek sou sleep.** As daar op 'n Dingaansfees gepraat word oor die vryheidsideale van die Voortrekkers, dan kerm die lede van die party vir wie die skoen pas, dit uit oor die insleping van 'n volksfees in die partypolitiek. En as een of ander party in 'n stadsverkiesing sy gewig inwerp by die een of ander kandidaat, basuin die ander dit uit as 'n insleping van stadsaangeleenthede in die partypolitiek. **Hierdie mense self weet dus baie goed te onderskei tussen volksake in die algmeen en partypolitiek wanneer dit hulle nadelig raak.** Maar as die Ossewabrandwag dieselfde onderskeid maak, dan hef hulle die hande vroom op: „So iets bestaan daar nie!"

**En tog die Groot Trek was 'n politieke daad by uitnemendheid.** Dit was iets veel meer as 'n protesvergadering teen swak staatsbestuur, oneindig grootser as 'n verkiesing teen die bestaande regering en iets onvergelykbaars kragtiger as 'n stemverdeling in die parlement. Dit was 'n volkspolitieke daad in regstreekse teenstelling met partypolitieke woordryke niksdoen.

## NOG MEER

Die Groot Trek het uitgeloop op die stigting van 'n hele paar Boererepublieke — dit op sigself ook reeds 'n politieke daad — **maar ons wag nog vir die bewys dat in daardie republieke enige sweem van partypolitiek bestaan het. En omdat daar nou geen partypolitiek in die Boerestate was nie, moet ons nou aanneem dat hulle nie werklik staatsake en volksbelange behartig het nie? Moet ons daarom aanneem dat hierdie republieke maar net kultuurstigtings was op wie oorlog verklaar moes word die dag as hulle op politieke terrein kom — daardie alleenreg van die politieke party?** Nee, ons glo nie dat selfs 'n moderne partypolitieke volksleier sal waag om so'n bewering te doen nie, en wat hulle nie waag nie is onbesproke. Die Boere-republieke het politiek bedryf, maar dit was volkspolitiek en nie partypolitiek nie. Die hele volk was ingesluit in die behartiging van volksbelange en nie net die kliek met sy aanhang wat toevallig 'n verkiesing teen die ander wen nie. **Daar was geen amptelike opposisie in Transvaal wat oom Paul se regering voortdurend moes pooitjie in die uitoefening van sy moeilike taak nie. Wel het hy kandidate teen hom gehad by 'n presidentsverkiesing, maar dan het hy soms self daardie kandidaat benoem, en ná die verkiesing sy teenstander in sy regering opgeneem as minister van verdediging in plaas van hom as amptelike opposisieleier teenoor hom te laat sit as voorwerp vir sy venyn. Dit was volkspolitiek sonder 'n sweem van partypolitiek.** Maar wat meer is, die Transvaalse regering het in 1893 so ver gegaan om die partypolitiek deur wetgewing te verbied. Moet ons dan nou aanneem dat waar partypolitiek in Transvaal belet was, daar dan geen politiek beoefen is nie — wat die geval moet wees as daar geen politiek buite die partypolitiek kan bestaan nie?

## DIE BRON

Maar laat ons na die hedendaagse kom, na die bronwel van die partypolitiek self. Toe Engeland in 1939 sy volk in 'n oorlog gestort het was dit 'n politieke daad van die grootste omvang. Die oorlog was die grootste volksvraagstuk van die oomblik. As daar toe nog verder partypolitiek gespeel moes word, sou die oorlog geen kans op sukses gehad het nie. **Daarom het die Engelse politici daar en dan besluit om alle partypolitiek vir die duur van die oorlog oorboord te gooi en net volkspolitiek te bedryf. Die partye het, wat hulle noem, 'n „nasionale regering" gevorm in teenstelling met die tradisionele partyregerings, en daar sou geen verkiesings gehou word solank die oorlog duur nie. Moet ons nou aanneem dat daar in Engeland sedert 1939 geen politiek meer in Engeland bestaan nie, dog net kultuur of ekonomie of wat ook al?** Nee, hierdie kenners van die partystelsel het besef dat partypolitiek in tye van krisis nodlottig kan wees — anders as hul Afrikaanse naapers wat juis 'n oorlog uitkies om die volk van volkspolitiek te suiwer en partypolitiek tot in die weefsele van die volk in te voer deur uitdrywing van almal wat nie aan die party behoort nie.

Maar die Suid-Afrikaanse politici self het enkele kere die neus bo die ringmuur van partypolitiek uitgestoot wanneer hulle groot volksvraagstukke aangedurf het. So het die partye in 1936 ooreengekom om nie die naturelle-wetsontwerpe as 'n partypolitieke saak te behandel nie, maar as 'n volksaak. **Hiermee het hulle erken dat volksake en volksbelang nie saamval met partypolitiek en partybelang nie. Maar daarmee het hulle ook nog meer erken — hulle het erken dat partypolitiek volkskadelik is en daarom tydelik opgehef moet word as 'n belangrike saak aangepak word. Hulle het net nie besef nie dat as partypolitiek nadelig is vir die oplossing van die naturellevraagstuk en nadelig is vir die voering van 'n oorlog, dit veel meer nadelig moet wees in kleinere sake van volksbelang waar daar soveel mindere rede bestaan om dit versigtig te hanteer.**

# Oorlogspropaganda op Sand Gebou?

(Deur Prof. J. A. Wüd)

Oorlogspropaganda eis meer slagoffers as die slagveld self. Die waarheid immers is die eerste ongeval in 'n oorlog en ook die laaste ongeval selfs na die vredesluiting. Die rede hiervoor lê voor die hand: in tye van oorlogsopgewondenheid en -ontwrigting wanneer dit gaan oor sake soos bloed, trane en sweet, is daar min mense wat met 'n onbevange gemoed dinge kalm en bedaard op eie meriete kan beoordeel. Hierdie abnormale gemoedstoestand van 'n oorlogvoerende mensheid word deur die propagandis gebruik en uitgebuit. Die hoogste en laagste menslike hartstogte word so veel moontlik geprostitueer. Die wankelmoediges en oorlogsmoeges word aangevuur en die oorlogsugtiges nog meer oorlogsugtig gemaak. In hierdie werk gaan die propagandis o.m. van twee veronderstellings uit: die een is die spreekwoordelike kort geheue van die mensheid, die ander is dat daar van die grofste onwaarhede, indien eenmaal wêreldkundig gemaak, altyd iets sal bly hang — al word dergelike onwaarhede ook later as sodanig ontmasker. Die waarheid agterhaal wel die leuen, maar dit is al te dikwels 'n langsame en moelike agterhaling.

## 'N PROPAGANDAGOLF VERSWELG HITLER

Die jongste propagandagolf in Geallieerde lande het die Duitse staatshoof reeds klaar oorweldig. Adolf Hitler was siek — dit kan as besliste feit gestel word — maar of hy dood is en of hy nog lewe is slegs in Duitsland bekend, berig Sapa se korrespondent in Londen. Hitler se ongesteldheid was volgens gesaghebbende inligting, die gevolg van die vertraagde uitwerking van die bomontploffing verlede Julie, waardeur sy ruggraat beseer is.

Baie gerugte, gissings en teenstrydige berigte dat hy dood is, nog lewe, heeltemal gesond of sterwend is, stroom nog gedurig uit baie bronne in, maar hulle kan almal veronagsaam word in die lig van sommige bekende feite wat uit sy siekte voortspruit en wat 'n belangrike uitwerking het op die wyse waarop die Duitsers tans die oorlog voer. Aldus Sapa se korrespondent in Londen.

Daar word voorts uit dieselfde Londense bron beweer dat Hitler nie meer die leër beheer nie. Hoewel niemand kan sê of hy die opperbevel oor die Wehrmacht laat vaar het en of dit hom ontneem is nie, sou die Duitse magte aan die Wesfront in die afgelope tyd 'n „onmiskenbare verandering van strategiese taktiek" volg. Daar word selfs berig dat 'n onbekende Duitse grootheid, genl. Siegfried Westphals, Hitler as opperbevelhebber oor die Duitse leër vervang het.

Dit is onnodig om stil te staan by die „baie gerugte, gissings en teenstrydige berigte dat Hitler dood is, nog lewe, heeltemal gesond of sterwend is". Ons weet van hierdie saak net so min as Sapa se korrespondent in Londen. As hierdie wilde stories voortspruit uit Hitler se afwesigheid van die herdenkingsfees van die München-putsch, soos die geval skyn te wees, dan dien daarop gewys te word dat daar ook baie ander redes as „siekte of dood of onguns" kan wees.

Dit is ook moontlik dat hierdie gerugte oor Hitler deur die Duitsers self versprei word met die doel om die Geallieerdes se propaganda bespotlik te maak as die Führer dan op 'n gegewe moment persoonlik die woord sou voer. Aan die begin van die huidige oorlog het 'n paar lede van die Britse Geheime Diens hulle laat vang deur gerugte, waarskynlik deur die Duitsers self versprei, as sou daar in Duitsland 'n sterk beweging teen Hitler bestaan het. Die gevolg was dat hierdie lede van die Britse Geheime Diens in 'n val gelok was en in Duitse gevangeskap beland het.

Die feit dat die Duitse Volksturm vandag bewapen word, skyn 'n ander taal te spreek as die gerugte uit Londen. 'n Regering bewapen nie 'n volk as daardie volk teen hom vyandiggesind is en die wapens teen hom gaan gebruik nie. Die ondervinding hier in Suid-Afrika enige jare gelede bewys die teendeel. 'n Regering ontwapen die volk, soos vandag in Frankryk, België en Griekeland die geval is, as hy vrees dat die volk daardie wapens teen hom gaan gebruik. Die geskiedenis leer ons ook dat die groot Napoleon in 1813, na die slag van Leipzig, dit nie gewaag het om sy volk te bewapen nie, omdat hy revolusie en opstand soos in 1792 verwag het. In die huidige Duitsland skyn dit anders te wees. Hier word die volk bewapen en skyn die regering nie 'n inwendige revolusie te vrees nie.

Ook die eed wat die Volksturm moet aflê, skyn 'n ander taal as wantroue in die Führer of inwendige Duitse verdeeldheid te spreek. Die eed wat die Volksturm aflê, lui as volg: „Ek sweer voor God die heilige eed dat ek aan Adolf Hitler, die Führer van die groot Duitse Ryk, onvoorwaardelik getrou en gehoorsaam sal bly" ens.

Die jongste gerugte en gissings uit Londen oor Hitler sowel as die propaganda wat daarmee gepaard gaan, skyn dus op sand gebou te wees. Die Duitsers weet waarskynlik goed waarvoor hulle veg en die propaganda wat 'n inwendige Duitse ineenstorting in die vooruitsig stel, loop gevaar om wreed ontnugter te word.

*KERS- EN NUWEJAARSWENSE*

**In die uitgawe van „DIE O.B." van 13 DESEMBER 1944 sal beperkte ruimte afgestaan word vir Kers- en Nuwejaarswense. Die tarief is 2d. per woord en die bewoording vergesel van die regte bedrag moet die Kantoor van**

**Voorslag (Edms.) Bpk., Bus 1411, Kaapstad**

**nie later dan 6 DESEMBER bereik nie. Geen wense sal geplaas word indien die nodige bedrag nie saamgestuur word nie. Die minimum-tarief per plasing is 4/-.**

# FILMA

## Tydskrif vir die

# Film Toneel en Radio

Teen die einde van hierdie maand verskyn die ou tydskrif Kultuur onder die Redaksie van Filma met die doel om te voorsien in die reeds lang gevoelde behoefte aan 'n eie film- en toneelblad. Filma wil dit graag vir elke persoon, waar hy ook al woon en wat hy ook al doen, moontlik maak om bekend te word met alles wat in ons land op die gebied van die rolprent en sy verwante kunste gedoen word.

Die blad is heeltemal onafhanklik, maar nie neutraal nie, d.w.s. hy wil alles wat uit eie bodem groei, in ons land aanmoedig maar hy wil ook kritiseer waar hy meen dat dit nie 'n konstruktiewe bydrae is nie. Hy wil graag 'n hoë standaard stel en op beskeie manier help waar hy kan om 'n liefde vir die skoon kunste aan te kweek. Elke Afrikaner besef vandag die groot behoefte as ook die noodsaaklikheid van die Film in ons eie taal.

Die blad werk in noue samewerking met Vobi en Utolo en is in die lewe geroep met die doel om die Film en die Toneel te bevorder. Die Afrikaner bewus te maak vir die Film in sy eie taal. Filma sal in die toekoms as 'n maandblad verskyn, maar die eienaars het besluit om so gou as moontlik dit as 'n weekblad uit te gee.

Dit word verneem dat Vobi en Utolo besluit het op die maak van 'n kleur film „Sarie Marais," dat dit moontlik vyf tot ses jaar sal neem om die prent te maak, dat 'n landswye soektog op tou gesit sal word om die ideale dametjie te kry en Filma sal help na die soek na hierdie Afrikaanse nooientjie, deur 'n wedstryd uit te skryf en Utolo Bpk. het ingestem om 'n filmtoets te reël in verband met die wedstryd om also die ideale dametjie te kry.

Intekengeld sal 10/- per jaar wees, vooruit betaalbaar aan die Rekenmeester, Filma (Edms.) Bpk., Posbus 42, Heilbron. Redaksionele bydraes moet gestuur word aan Filma, Posbus 9497, Johannesburg.

Stuur dadelik u naam en intekengeld en ontvang die blad vanaf die *eerste* uitgawe.

(Advt.)

## O.B. BIED GRONDSLAG VIR WARE EENHEID

### Dr. Meyer in Gebied B

Dr. P. J. Meyer, waarnemende Arbeidsleier, het 'n besoek gebring aan Gebied B en het 'n reeks van vergaderings toegespreek. Van Cradock af was hy vergesel deur die Stafhoof, hoofkomdt. W. P. v. d. Merwe. Oral is dr. Meyer geesdriftig ontvang.

Dr. Meyer het veral gewys hoe dat ons vandag die revolusie van die 20ste eeu belewe, en wat ook al die militêre uitslag van die oorlog in Europa mag wees, die nuwe gaan wen. Vervolgens het hy die kenmerke van die oue, nl. die liberalisme geskilder wat saamgevat kan word in hul leuse: „Elkeen vir homself en die swakste oor die muur", teenoor die kenmerke van die nuwe, nl. die sosialisme soos uitgelewe in die leuse: „Elkeen vir almal en almal vir elkeen".

Verder het hy daarop gewys hoe dat die nuwe twee vorme aangeneem het, nl. die internasionale sosialisme soos ons dit ken in die kommunisme en die nasionale sosialisme soos o.a. geopenbaar en aanvaar in Duitsland.

**Dr. Meyer het veral daarop gewys dat die nasionale sosialisme geen diktatorskap is nie. In die nasionale sosialisme van die O.B. word die privaat besit en inisiatief erken en tree die staat op teen uitbuiting.**

Hy het na die huidige wêreld-worstelstryd verwys as 'n driehoekige stryd tussen die oue en die nuwe onderling. Met die uitslag van hierdie worstelstryd hang die lotgevalle van die Afrikanerdom ten nouste saam. Elkeen moet kant kies en moet hulle inrig om reg te kies en aan die regte kant te stry, wanneer die rewolusie ook hier kom net soos dit oral in Europa kom en aan die gang is. In hierdie stryd moet ons nie baklei oor woorde nie, maar moet ons die werklikheid in die oë kyk.

Die groot stryd is teen die tweelingbroer, die imperialisme en die kapitalisme en dit vorm 'n eenheidstryd. Hy wys veral op die Afrikaner se stryd teen die uitbuitende kapitalisme en dit veral die stryd van die Afrikanerwerker. Die politieke stryd het verskuif na die stede en dus na die Afrikanerwerkers, aangesien 60 persent van die Afrikanervolk vandag stedelike werkers is.

**WERKERSHELDE**

Hy het kortliks die stryd van die werkers geskets en daarby 'n oproep gedoen dat ons nie moet vergeet om ook ons werkerhelde te eer nie en noem veral die twee voorbeelde van Johannes Labuschagne in 1913 en Oom Piet Erasmus, die stakingsleier van 1922.

Ons het die werker vergeet en as gevolg van die kapitalistiese uitbuiting is die weg voorberei vir die koms van die kommunisme. Ons kan nie die werker kwalik neem dat hy aansluit by die kommunisme nie, aangesien dit ons eie skuld is.

Dr. Meyer het verder geskets hoe die O.B. as gevolg daarvan die stryd aanvaar het en dit elke dag stry en nie net elke 5 jaar nie. **En in hierdie stryd beoog die O.B. net een doel, nl. die heil en welvaart van die Afrikanerdom en nie dié van sy eie organisasie nie.** Net die heil van ons volk en eer van ons God is die hoof-motief van die stryd van die O.B. in belang van en saam met die Afrikanerwerker. Daarom organiseer die O.B. die wer-

(Vervolg van kol. 1)

kers in sy Arbeidslaer, maar ook die boer op die platteland word nie vergeet nie, maar word saam ingeskakel sodat produseerder en verbruiker een word en 'n eenheid vorm. **So word daar 'n geweldige mag gevorm. So alleen kan die kapitalisme op die knie gebring word en dan sal die kommunisme vanself uitsterf.**

Dr. Meyer het ook gewys op die wesensverskil wat daar bestaan tussen die ou demokratiese partypolitiek en die nuwe lewensbeskouing van die Christelike nasionale sosialisme soos voorgestaan en uitgeleef deur die Ossewabrandwag as Volksbeweging.

Met die offisiere het dr. Meyer ook die Parlementêre front van die O.B. behandel en verduidelik tot groot bevrediging en instemming van almal.

# O.B.-Kommandante Spin Beste Wol Wat Kenner Nog Gesien Het

## Beoordelares se Lof vir Pryswenners

**Die spinwedstryd wat deur Gebied A se vroue gehou is, het 'n besondere pluimpie vir die Ossewabrandwag uitgelok. Hoewel die getal mededingsters heelwat groter kon gewees het, was die gehalte van die wol so skitterend dat die beoordelares, die hoof van die Vrystaatse Huisvlytskool, se opmerking was dat dit die beste wol is wat die skool nog ooit ontvang het.**

**Die eerste en tweede prys het gegaan na komdte. A. S. Theron van Merweville en die derde prys na mev. Jooste van Putsonderwater.**

Die wol is in die Vriendskapsentrum van Kaapstad te sien, en dit is genoeg om elke huisvrou se vingers te laat jeuk. Besoeksters wil net weet of dit nie gekoop kan word nie. Mev. Jooste se wol sou ongetwyfeld 'n eerste prys verower het indien dit in die regte klas geval het, maar dit was te dik vir die besondere klas. Vir weefdoeleindes is dit van die beste gehalte. Die wit en grys wol van die pryswinners is in die natuurlike kleur en kan nie oortref word deur wol wat in winkels gekoop word nie.

Hoofkomdte. M. Erasmus, wat 'n opleiding in sowel spin as weef in Bloemfontein ontvang het, gee tans lesse in die Vriendskapsentrum Donderdae. Die weefstoel wat deur die gebied aangekoop is, het so pas aangekom en sal eersdaags onder vaardige vingers sy produkte lewer. Hfkomdte. Erasmus het saam met haar 'n paar monsters gebring. Een is 'n stuk gordyngoed in natuurlike kleur en die ander 'n vloermat. „Te pragtig vir woorde", was die kommentaar van die vroue wat dit betrag het. Daar is ook 'n kombers vertoon wat genl. H. du Toit van Beaufort-Wes onlangs aan genl. J. A. Smith geskenk het. **Die wol is regstreeks van sy skeerhok na die „fabriek" by sy huis gebring waar dit al die prosesse deurloop en anderkant uitgekom het in die vorm van 'n pragtige geruite kombers. Sommige van die ruite is in die natuurlike kleure en maak 'n besonder mooi indruk. Vir sy dikte en grootte is die kombers heerlik lig en geen fabrieksproduk sal die warmte kan verskaf van hierdie O.B.-produk nie.**

Genle. J. S. du Toit, wat haar sterk beywer om die O.B.-vroue spin- en weefbewus te maak, voel hoog in haar skik met die eerste resultate wat behaal is. Dit behoort dan ook te dien as aanmoediging vir ander vroue. Die gevoel van trots om jou huis met selfgemaakte gordyne, vloermatte en komberse te voorsien, is iets wat 'n vrou nie weer sal wil mis as sy dit eenmaal ervaar het nie, word verklaar.

**VROUEKAMP IN GEBIED C**

Die hou van 'n vroue-volksorgkamp met die oog op opleiding en voorligting in Maart aanstaande jaar is by geleentheid van die offisierslaer te Bloemfontein in die vooruitsig gestel deur genle. C. Meyer, vroue-hoof van die Vrystaatse gebied.

**In verband met die versorging van geïnterneerdes het genle. Meyer 'n beroep op Brandwagte gedoen om die geld wat hulle aan Kersgeskenke sou bestee, vanjaar na die hoofkwartier te stuur vir geskenke aan geïnterneerdes en hul afhanklikes.**

**ROMMELVERWERKING:**

Van gekleurde suikersak kan 'n mooi dameskostuum gemaak word. Gebruik okkerneutdop-knope, bruin geverf.




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2275

DEFTIGE SOMERSHOEDE in groot verskeidenheid by

Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Asokor Beperk Voeg die Daad by die Woord

**Die WOORD:**

„Die enigste belanghebbendes by die bemarking van primêre produkte is diegene wat dit produseer en verbruik."

Hierdie woorde het die hoeksteen geword van die grootste non-spekulatiewe handelsbeweging van ons tyd, nl. ASOKOR BEPERK.

**Die DAAD:**

Met die stigting, agtien maande gelede, van die KAROO-VLEISBEURS BEPERK, het ASOKOR die daad by sy woord gevoeg. Die K.V.B., uitgerus met moderne koelkamergeriewe, voorsien 'n hele reeks eie kleinhandelslaghuise, verspreid oor die Witwatersrand, met vleis. Hierdie slaghuise of distribusie-depôts voorsien op die beurt weer duisende verbruikers met die allernoodsaaklikste behoefte van die mens.

(Omdat die spekulatiewe euwel in die vleishandel perkeloos gebotvier het, het ASOKOR besluit om op die gebied die eerste wig ter beskerming van produsent en verbruiker stewig in te dryf; hy het geslaag).

**VERTEENWOORDIG VOEDSELKONTROLEUR:**

K.V.B., die puik organisasie van ASOKOR, verteenwoordig die Voedselkontroleur op die hele Witwatersrand, Bloemfontein en Port Elizabeth. Produsente kan reeds met vertroue hulle slagvee aan die Karoo-Vleisbeurs Beperk stuur om onder die Vleisbeheerskema geslag te word.

**ASOKOR — na eerste bedryfsjaar:**

Die eerste bedryfsjaar van die Maatskappy is agter die rug en met vertroue kan 'n dividend van 4 persent verklaar word.

Waarom kon ASOKOR na die eerste bedryfsjaar soveel sukses behaal? Omdat die Maatskappy aan 'n volksbehoefte in die handel van lewensnoodsaaklikhede voldoen het en omdat ASOKOR onder die leiding staan van beproefde en ervare verteenwoordigers van produsente en verbruikers. Manne wat die behoeftes van die volk van Suid-Afrika ken.

**ASOKOR SE DIREKSIE:**

**Direkteure:**

Voorsitter en Besturende Direkteur. Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., L.L.B.

Ondervoorsitter: Gerard Bekker, boer en L.V. vir Cradock.

C. C. Kriel, hoofbestuurder van W.G.A.

A. C. Lombard, boer van Adelaide.

A. Bickel, Hoofbestuurder van Fatti's, Johannesburg.

C. C. Tomlinson, prokureur van Vredefort.

Sy Edele N. C. Hovenga, oud-minister van Finansies.

S. P. Bekker, boer van Tarkastad.

P. J. du Plessis Jnr., boer van Somerset-Oos.

J. J. Ackermann, boer en sakeman van Malmesbury.

Die bestuurder van ASOKOR BEPERK, mnr. P. J. Kruger, voormalige Sekretaris van die Wolgroeiers Afslaers Beperk, staan al twintig jaar in die diens van produseerders.

**ASOKOR STEL IN DIE VOORUITSIG:**

(1) Die verdere bewerking van vleis. Die stigting van 'n ham-, wors- en poloniefabriek sal binnekort 'n voldonge feit wees.

(2) Die ideaal om te slag waar geteel word.

(3) Die oprigting van 'n beenmeelfabriek word reeds oorweeg.

(4) Asokor Beperk het reeds uitgebreide belange in die wolhandel van Suid-Afrika, en die vraag van waarom wol, al is dit net gedeeltelik, nie hier bewerk kan word nie, sal antwoord op gegee word deur kragdadige medewerking met bestaande boere-organisasies ter verkryging van hierdie ideaal. Hierdie droom van wolkwekers MOET verwesenlik word.

**ASOKOR-AANDELE:**

Asokor-aandele (£25 elk, betaalbaar 40 persent by aansoek en twee sesmaandelikse paaiemente van 30 persent elk) word deur die Direkteure van die Maatskappy aangebied. Maak nou 'n belegging in hierdie grootste onderneming van ons tyd.

Asokor-aandele is veilig en winsgewend omdat die Maatskappy slegs handel dryf met lewensnoodsaaklikhede en dit nog op 'n non-spekulatiewe basis.

Vra die prospektus en meer besonderhede van: DIE SEKRETARIS, Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein.

ASOKOR BEPERK DIEN SUID-AFRIKA — BELÊ IN ASOKOR.


# VERGADERING!

Die Adjunk-Komdt.-Generaal

(Mnr. J. A. Smith)

spreek 'n vergadering toe in die

Stadsaal

WORCESTER

op

2 Desember 1944

om 8 n.m.

Offisiere en Brandwagte van omliggende kommando's word vriendelik genooi om teenwoordig te wees.

# *Geklassifiseerde Advertensies*

## GEBOORTE

**BOSHOFF.** — Van die Heer ontvang op 25 September 1944, 'n fris O.B.-dogter. Dank aan dokter en hospitaal personeel. **Adj. en Veldkte. J. H. Boshoff.**

**WOLMARANS.** — Op 6 November ontvang, 'n welgeskape sustertjie vir Rita. Die dankbare ouers **L. en P. Wolmarans.**

## DOODBERIG

**LE ROUX.** — Dit was die wil van ons liewe Heer om van ons weg te neem ons enigste beminde liefling seuntjie, Marthie, in die ouderdom van 8 jaar, 10 maande en 22 dae. Die diep bedroefde ouers, **Marthinus en Johanna, Perde Eiland, Marchand.**

**MÖLLER.** — Uit ons tuin gepluk en oorgeplant in die Hemelse tuin, ons klein liefling Annette, op 5 November 1944, na 'n kort maar smartvolle lyding aan witseerkeel. Sy was vir ons byna 20 maande geleen, en die ligstraal van ons huis. Ons wil almal hartlik bedank vir hulp en deelneming tydens haar siekte en afsterwe, insonderheid mnr. en mev. Dreyer wat ons in hulle huis opgeneem het en tot die einde bygestaan het. Tot weersiens liefling. Jou bedroefde **Pappa, Mamma, Broers en Susters.**

## VERJAARDAGWENS

**CAREL FREDERICK KRIEL.** — Groete en heilwense met jou tweede verjaardag as vlugteling in jou en vir jou geliefde Vaderland, van almal tuis. **Moeder.**

## BRAAIVLEISAAND

GESELLIGE braaivleisaand word gehou op Saterdag 25 November te Paul Krugerlaan 35, (regoor Hoërskool), Eppingtuin. Fondse vir Noodhulpfonds. Dringende ondersteuning van alle O.B.-lede word gevra. Heerlike boerekoffie, wors en pannekoek.

## PERSOONLIK

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

BOERE wil dorpenaars word, en Dorpenaars wil boere word. **Nasionale Dienste, Johannesburg,** bied hul dienste aan boere wat plase wil verkoop. Vir opregte en snel diens raadpleeg **Nasionale Dienste, Sauergebou 18, Johannesburg.** Ons het 'n magdom kopers.

**DUP'S Haarsnysalon, H/v. Wesburger- en** Elizabethstraat, Bloemfontein. Vir Afrikaanse bediening ondersteun 'n jong Afrikaner. Eienaar: **S. C. du Plessis.**

**DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing.** Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

HIERMEE wens ons komdt. en komdte. D. Jacobs, van Nababeep, wie vertrek het na Loeriesfontein, al hulle vriende en medebrandwagte, wat hul nie 'n handdruk kon gee nie, te groet en die beste seën toe te wens. Laat die stryd wat ons vaders begin het, woed tot ons sterf of oorwin het.

**MY EIE SIGSELWERS.** — Dit is oor en oor bewys dat elke mens homself wonderlik kan verbeter, en daardeur self ongekende hoogtes bereik, as hy net weet hoe. Die **Akademie vir Selfstudie, Posbus 584, Pretoria,** gee hierin kosbare voorligting. Vra hul gratis brosjure aan.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruidenierswarе, eetware en alle ander benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton.** Foon 35-1879.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is, en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie.— „THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE", Posbus 1336, Kaapstad.

## BETREKKING VAKANT

**AFRIKANERS BENODIG.** — Seuns met std. 6 tot 8 kan met bietjie opleiding £15 tot £18 per maand verdien. Skryf dadelik om besonderhede aan **B.V.B., Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

BENODIG vanaf Januarie 1945 'n onderwyser(es). Beginner. Afrikaans-medium, Goewerment Sillabus; meld kerkverband, ouderdom, ondervinding, musiek en salaris verlang. **Mev. Meyer, Dejagersdrift-stasie, Natal.**

BENODIG begin Januarie, (1) moedershulp vir seuntjie van 18 maande. (2) Diensmeisie vir algemene werk met kennis van kook. Beginsalaris vir albei £4 per maand plus uniform. Skryf en sluit in getuigskrifte van gedrag en bekwaamheid aan **Van Zyl, Tullyallenweg, Rondebosch.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

## TE KOOP

BESTEL dadelik dagoud kuikens vir November aflewering. 1,000 Australorps, 1,000 Leghorns en 1,000 kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Beskikbaar weekliks. Prys £5 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoon 6203.**

BOEGOE. — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15&- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

GOED gebaalde eerstegraad lusern teen 4/6, tweedegraad 4/-, alles per 100 pond, v.o.s. Kirkwood. **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

HEERLIKE tafelheuning in 1-pond bottels teen 23/- per dosyn en in 60 lb. blikke teen 1/6 per pond, v.o.s. Kirkwood. **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

KAROOMIS. — Gemaal met hamermeul. Los in trokke, 10 ton teen 29/- per ton; 50 ton en meer 26/6 per ton. In koper se sakke 28/- per ton — 50 ton en meer 25/6 per ton. In ons eie sakke 11/- per ton meer. K.M.B. V.O.S. **G. J. C. v. d. Vyver en Kie, Nelskraal, Sheldon, K.P.**

**KARAKOEL KRUIS-OOIE EN WISSELOOILAMMERS.** Almal jonk, geteel uit Persie-ooie en sulwer A Pypkruil ramme uit Grootfonteinstoet. **I. J. Haarhof en Seuns, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

**KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf** om besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**O, dit is „Cool Grisp" Komkommersaad; 17/- per pond, 9/- halfpond. Chantenay en Nantes wortelsaad 12/- per pond, 7/- halfpond.**

**BEETSAAD, Egiptiese plat, 15/- per pond, 8/- halfpond. Australiese Bruin uiesaad, 6/- per pond, 4/- halfpond. Alles gesertifiseer. Beperkte voorraad. K.M.B. posvry. J. J. Spies, Oudtshoorn Premier Saadkweker, „Rus-en-Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

SPEELSKEIE. — Bottelskeie teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/s. Serpentine. Dist. George.**

SOUT SOUT SOUT

KOOP U SOUT BENODIGHEDE VAN ONS ONMIDDELLIKE AFLEWERING!

No. 1.: Gemaal 8/6 per 200 pd sak; Grof 6/6. No. 2: Gemaal 8/-; Grof 6/-. No. 3: Gemaal 7/6; Grof 5/6. V.O.S. Redlands Sylyn. Kontant met bestelling aan **Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska, K.P.**

**SPINWIELE. — Met „winder" £6-10-0, sonder „winder" £5-10-0. K.B.A. T. B. Neser, P.K. Marquard, voorheen Rodenbeck, Bloemfontein.**

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

## WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; anker £3-17-6. **5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

## *VERJAARDAGKETTING*

23 Nov.: W. H. M. Oosthuizen, Stellenbosch; Martha Vivier, Beaufort-Wes; George J. Olivier, Sutherland; Alta Bekker, Tarkastad; Erin Gaigher, Worcester; Pieter Wium, Stellenbosch; Anna Cloete, Carnarvon; J. L. Myburgh, Rashoop.

24 Nov.: Lourens van der Linde, Koedoeskop; Maria J. Dreyer, Derby; Christiaan van Vollenhoven, Bethlehem; Christiaan Lessing, Slaberts Stasie; Johanna Henrico, Pasbegin; G. M. van Reenen, Rustenburg.

25 Nov.: Ellis E. Vermaak, Port Elizabeth; Jacoba Faul, Upington; Gerrit van Aarde, Malmesbury; Lucia Nel, Kirkwood; Anna Schwartz, Worcester; Hilda J. Joubert, Philippolis; A. S. de Villiers, Swartbos; Anna Smit, Rashoop.

26 Nov.: W. J. Dippenaar, Stellenbosch; Minnie Jordaan, Sutherland; Martha Olivier, Port Elizabeth; Derick de Koker, Montagu; Fransina Welman, Bethlehem; Barend J. Potgieter, Potchefstroom; L. E. Joubert, Matoppa; T. E. du Toit, Dwaalboom.

27 Nov.: Enita Roux, Suider Paarl; Alma van Niekerk, Tamboerskloof; Andries C. Badenhorst, O'Kiep; Charlotte E. Rautenbach, Two Streams; Willem D. Lourens, Vryburg; Michael F. Coetzee, Boomsien.

28 Nov.: Hilda A. J. Kirchbaum, Eppingtuindorp; Aletta J. Nel, Aughrabies; Johannes Strauss, Daljosaphat; Andries L. Janse van Rensburg, Beaufort-Wes; Wilhelmina Boshoff, Philippolis.

29 Nov.: Danie P. Geldenhuys, Stellenbosch; Ellena C. Erasmus, Merweville; Maria van Aswegen, Wilgenhoutsdrif; Petrus H. van Jaarsveld, Mosselbaai; Helena Gunter, N. Paarl; Elizabeth du Toit, Wellington; Jan de Bruyn, Loxton; David du Plessis, Paarl; Johannes B. van Tonder, Vryburg; Ignatus P. Maas, Wesselbron; Willem D. Coetzee, Boomsien; Petro Kilian, Middelburg, Tvl.; Susara S. Eloff, Matooster.

## £6,000 INGESAMEL IN GEBIED C

Gebied C (Vrystaat) het vanjaar skitterend gepresteer met O.B.-daginsamelings. Die Gebied het 'n beroep op die kommando's gedoen om vanjaar £5,000 in te bring vergeleke met ongeveer £4,000 verlede jaar. Die reaksie was so kragtig dat die hoofvrou, genle. C. Meyer, op die offisierslaer te Bloemfontein kon aankondig dat meer as £6,000 ingesamel is.

Die Vryburgse generaalskap het hierdie jaar die hoogste bedrag in die gebied gelewer met £1,270-0-0, terwyl die Fouriesburgse generaalskap, wat verlede jaar bo-aan gestaan het, hierdie keer tweede kom met £1,180-0-0. Die wisselprys het gegaan na die Vryburgse kommando C10a7 van komdte. Oberholzer. Hierdie kommando het £10-13-0 per lid ingesamel. Die Winburgse kommando C5a6, wat verlede jaar die prys verower het, staan tweede met £5 per lid.

## VIR DIE BOEREJEUG

### Lewe Binne 'n Laer

Volgens die vorm van die laer is elke laer na omstandighede getrek. Vir veiligheid alleen word die laer in 'n kring of vierkant getrek. In die binnekring word vroue en kinders versorg en tussen die twee kringe, die beeste en perde. Het hulle 'n groot aanval gevrees, is die laer in drie kringe getrek.

Interessant is dit om na te gaan die verskillende name wat aan die laers gegee is. So hoor ons van die vroue-laer, veglaer e.a. Ses dae na die slag van Bloedrivier het 'n Zoeloe-impi 'n kommando Voortrekkers in 'n nou kloof gelei en toe hulle dit gewaar was hulle omsingel deur duisende Zoeloes. Dadelik is bevel gegee dat die perde aanmekaar geknoop moet word en dat die manskappe in 'n kring rondom die perde moet staan. Nadat hulle dit gedoen het, moes hule dadelik die rieme stukkend sny en wegry ,aangesien die gevaar te groot was weens gebrek aan kruit en lood. Daar was geen tyd om die aanmekaar gekoppelde perde behoorlik los te maak nie. In aller haas het hulle die perde bestyg en vier-vier langs mekaar hul weg tussen die Zoeloes oopgeskiet. Waar 'n aantal perde aanmekaar gekoppel word met die ruiters in 'n kring rondom, was die formasie bekend as 'n perde-laer.

Die daaglikse lewe in 'n laer was baie interessant. Die mans het baie gehad om hulle bsig te hou. Dreig die gevaar, moes hulle die laer versterk, snags brandwag staan en bedags die omgewing verken vir spioene. 'n Laer is nooit opgebreek voordat daar nie eers verkenningswerk gedoen is nie. Die mans moes ook sorg dat daar genoeg vleis was en dus het hulle baie gaan jag. Daarbenewens was daar nog baie werkies soos gebreekte waens herstel, jukskeie en trektoue maak, rieme brei, koeëls giet, ens. Die vee is snags in tydelike trek-krale van doringtakke gejaag. Die moeders en dogters het hulle met die gewone huiswerk besig gehou. In die laer is skoolgegaan en ook kerk gehou.

Ons sien dus dat die laer 'n belangrike rol gespeel het in die geskiedenis van ons volk. Dit het nie alleen gedien as fort vir die volk in tyd van gevaar nie, dit was die tuiste waar 'n nuwe nasie gebore is en die gevare getrotseer en oorwin het. Met al die onderlinge twiste het die laer die Trekkers tot 'n simbool van eenheid saamgesnoer. Ook vir ons vandag, staan die laer as simbool van eenheid, van saamstaan en saamwerk in ons volkslewe.

## O.B.-SKRYFBLOKKE

met 2 pakkies bypassende koeverte.

DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.

**3/6** posvry.

KONTANT MET BESTELLING.

**Bestel deur:**

Gebiedshoofkwartier

**Kamer 603, Groote Kerkgebou,**

**KAAPSTAD.**

## *'n Jong Afrikaner skryf as volg :*

**„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."**

## Meer as 200 Kursusse.

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**

*In belang van Opvoeding nie van winste nie.*

**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).**

# Helpmekaar-korrespondensie-kollege

**VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,**

**JOHANNESBURG**

**Posbus 3512** **Foon 22-3512**

(O.B., 22 Nov. 1944).

## Schoemanello Drank....

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/8 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

**Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**